



Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief

April 2007

2007 is die jaar van praktiese Christenskap
Leef praktiese Christenskap uit

Moedersdag

As jy die Ou Testament met erns lees, vanaf Genesis deur die Psalms en die profete, sal jy aanvoel dat voorbereidings getref word vir die Advent of koms van Jesus die Verlosser.

As jy daarna die Evangelies lees, sien jy die vervulling van God se doel met die lewe, lyding, dood en opstanding van Jesus, ons Meester. Godse heilige plan was volmaak tot in die fynste besonderheid en is metdieselfde presiesheid uitgevoer deur Jesus Christus totdat Hy aan die kruis uitgeroep het: "Dit is volbring!" Dit was presies soos God dit van Hom gevra het. Daarna het Hy sy lewe aan God teruggegee.

Vir elkeen van ons is daar 'n belangrike les hieruit te leer. **Voltooiing beteken die suksesvolle afhandeling van enige onderneming.**

Omdat ons Christene is, is Christus betrokke by ons alledaagse lewe. Dit beteken dat ons deur die krag van sy Heilige Gees elke dag sal probeer leef volgens die voorbeeld wat Christus gestel het.

Op hierdie feite gebaseer, is dit duidelik dat ons as Christene verplig is om elke taak wat aan ons toevertrou word, met deeglikheid en aandag tot in die fynste besonderheid uit te voer. Onthou dat wat jy ook al onderneem om te doen, daar geen kortpaadjies of afskeepwerk kan wees nie. Jy doen dit tot eer en verheerliking van God.

Dra daagliks jou arbeid op aan Jesus Christus, jou volmaakte voorbeeld.

Uit: Jou God is Koning - Solly Ozroveh uitgegee deur Lux Verbi-BM

Maak soos Jesus gemaak het. Hy het altyd oor alles met sy Vader gepraat.

Kyk wat was Jesus se lewensleuse. Lees Joh 5:19

Uit: Saam met Jesus @ Wize Café
Ewald van Rensburg



Liewe Jesus

Baie dankie dat Mamma se foto op u yskas is, want ek weet u kyk elke dag na haar. Dankie dat sy so spesiaal is dat sy ook die screensaver op u rekenaar is.

Dankie dat ons kastrolle kan uitkrap so lekker is haar kos. Dankie dat sy so baie lief is vir Pappa, want haar oë lyk soos liggies as sy vir hom kyk. Dankie dat sy so lief is vir ons om te raas en vas te hou.

Laat haar asb so lank lewe dat haar verjaarsdagkoek nie die kersies kan dra nie. Ek sê solank dankie sommer vir alles. Amen



Ons fokus op Annette Potgieter



Betrokke by: Kinderkrans Riekies Gr 0-3 Do 16:00 – 16: 45
Kinderkrans Bybelbende Gr 4-6 Do 17:00 – 17:45

Liewe Gemeente

Ek is 4 Oktober 1987 in Wynberg, Kaapstad gebore. My gesin het na Pretoria verhuis toe ek 3 jaar oud was. Ek het in 2005 aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria gematrikuleer. Ek is tans 'n tweede jaar teologie student by die Universiteit van Pretoria. Ek het my eerste jaar cum laude geslaag. Ek het 'n passie vir God en is oortuig dat ek vir die bediening geroep is. Dit is vir my 'n wonderlike leerproses om by u gemeente betrokke te kan wees. Die Rietjies en Bybelbende is twee verskriklike spesiale groepe wat baie na aan my hart lê. Elke kind het baie potensiaal. My doelwit is dat hulle hul verhouding met God positief sal beleef met goeie kennis van die Bybel. Ek het egter slegs 45 minute per groep en beskou elke minuut as kosbaar om die doelwit te bereik.


Baie dankie vir die geleentheid.

Annette Potgieter 083 3826623

Baie welkom Annette!!



Pinkster 2007



Sondag, 20 Mei: 9:00 Pinksterediens
18:30 Jeugpinkster

Maandag – Donderdag 18:30 Pinksterreeks
Kinderpinkster in die saal.

Pinksterdienste vir Seniors
Maandag – Vrydag 10:00
(Ds Ernst)

Sondag 27 Mei 9:00 Ds L van Heerden Nagmaal
Namiddag: Gesamentlike Moot diens CMC


!3 Mei 18:30

Tiener & Ouerdiens

Belydenisaflegging:
jongmense en 8 persone wat
volwasse Kategese
deurloop het.

Spesiale Pinksteroffer
Na Pinksterdienste wegneemetes te
koop

Bid asb vir die werking
van die Heilige Gees in
die 10 dae vanaf 17 – 27
Mei





Bybelse ete

Seniorlidmaat bediening

Wanneer: 25 Mei- om Pinkster af te sluit.

Reëlings:

Selgroepe word saam gegropeer, veral waar die groepe te klein is. Kaartjies per tafel beskikbaar. Die groep kan ook meer as een tafel se kaartjie koop. Kos word verskaf, maar drinkgoed moet self voorsien word. Groepe dek eie tafels. Pryse vir tafels en persone wat die oorspronklikse aangetrek het. Skotteltjies en seppakkies ook beskikbaar vir voetwassing. Spyskaart en pryse volg.

Baie dankie aan almal wat die maandelikse koekverkopings ten bate van sorgbehoewende seniors ondersteun het, en ook diegene wat help bak.

Ons het egter besluit **om nou slegs op bestelling te bak** en direk te lewer, m.a.w nie meer verkopings by die kerkgronde te hou nie.

Plaas u bestellings by HELGA BARNARD 012 331 0765

Werk van die Senior Lidmaat Bediening in die algemeen.

1. **Versorgingsbehoefte:** skakel Helga Barnard by 012 331 0765 indien u enige versorgingsbehoefte ervaar!
2. **Sosiale behoeftes:** Uitstappies, saam kuier geleentheid, oggendtee en konsert of wegbreek vir 'n paar dae. Sophie von Brandis is die skakelpersoon. Bel haar met u navrae 012 331 3993.
3. **Geestelike behoeftes:** Bybelstudie met u tydgenote - Dinsdae 09:30 te Huis Janri op die hoek van Ben Swartstraat en 12de Laan. Hier sing ons lekker saam uit die Halleluja bundel. Vervoer kan gereël word.

NAGMAAL: Indien u nie meer Nagmaal saam met die gemeente kan gebruik nie omdat u nie meer so mobiel is nie, kan dit gereël word om u tuis te bedien. Dit word gedoen direk na die Nagmaalgeleentheid in die kerk.

VERVOER: Indien u nie vervoer het om die eredienste by te woon nie kan die vir u gereël word.

BYBELLEES: Indien u oë te swak is om self u Bybel te lees, sal die bediening reël dat dit gereeld aan u voorgelees word.

Vir al u geestelike behoeftes skakel PIET BARNARD 012 331 0765



11 APRIL 2007 OGGENDTEE & KONSERT


Met groot afwagting is uitgesien na Rina Hugo se optrede tydens ons oggendkonsert op 11 April.

Toe die skokkende nuus: Rina is siek!

Op baie kort kennisgewing het Arina de Wit ingestem om op te tree. Dié puik kunstenaar het onmiddellik die volgepakte saal se harte verower.

Saam met die skreeusnaakse Jammies Jamneck, het hul gesorg vir 'n baie geslaagde oggend.

Ons hoop om tydens ons lentetee en konsert vir Rina hier te hê. Hou gerus die afkondigings dop.





Moot vir Christus

CMC se missie vir 'n misdaad- en dwelmvrye gemeenskap

Missie: die skep van 'n veilige
gemeenskap deur die herstel van morele
en Bybelse
geloofswaardes.

Om die Geloof in Aksie program stukrag te gee en te verpersoonlik word die
slagspreuk **My Moot** gebruik.

Daar bestaan 'n hele veldtog en program om 'n misdaad- en dwelmvrye
gemeenskap in die Moot te bereik. Later meer hieroor.

Ons moet **by onself begin** as ons vir wetsoortreders wil bid en 'n misdaadvrye
Moot verlang. Ons moet erns maak om ons eie lewe en huis in orde te kry.
**Daarom kom ons begin byvoorbeeld hierdie maand om die wet te
gehoorsaam deur:**

- **ons veiligheidsgordels aan te sit**
- **nie met selfoon by ons oor te praat wanneer ons bestuur nie**

Dit is die minste wat ons kan doen, nie waar nie ?

Sterkte met Meimaand se wetsgehoorsaamheid.

Huweliksvoorbereiding en huweliksverryking

Huweliksvoorbereiding vir pare wat iewers in 2007 wil trou.
Asook **huweliksverryking** vir pare wat hul huwelikslewe nog beter en
vreugdevoller wil maak.

Ses gesprekke van 1½ uur

Begin 3 Mei om 19:00 in konsistorie
Datums: 3,7,14 en 28 Mei; 4 en 11 Junie
Aanbieder: ds Leon van Heerden
Gratis! Slegs fooi vir motorwag
Registreer by Kobus of Hannelie 072 245 7984 of 012 330 3201

